MAANDELIKSE MARKVERSLAG
DESEMBER 2018

BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTINGBEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE

## WIPPLANK-MAAND VIR MARKTE IN AANLOOP TOT G20 BERAAD



### ► MARKTE SENUWEEAGTIG VOOR G20 BERAAD

Markte was in November op en af in afwagting van 'n G20 handelsberaad waar Amerikaanse President Donald Trump en Chinese leier Xi Jinping weer oor handelsbetrekkinge tussen die lande sal gesels. Berigte van 'n positiewe foongesprek deur die leiers vroeg in November het 'n lopie van laat Oktober op markte laat voortduur. Dit is egter kortgeknip toe Trump se handelsadviseur, Peter Navarro, laat blyk het dat die uitkoms nie noodwendig positief gaan wees nie.

Die olieprys het in November verder verswak en is nou byna 30% laer as die hoogtepunt van $85 per vat van Oktober en het November op $58 per vat afgesluit. Trump het druk op Saoedi-Arabië geplaas om nie die prys te steun deur verskaffing in te perk nie, waaraan die Saoedis voldoen het.

### ► FED SE RENTEKOERSBESLUIT STEUN MARKTE

Die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) het by sy vergadering van November besluit om rentekoerse nie te verhoog nie. Opmerkings deur die Fed Voorsitter, Jerome Powell, dat rentekoerse moontlik stadiger gaan gebeur het markte – wat vir enige brokkies goeie nuus gewag het – gesteun.

### ► BEURSE IN EUROZONE SLUIT LAER

In die Eurosone het markte November laer gesluit met die MSCI EMU indeks 2% laer as in Oktober. Winsneming en 'n sterker euro is as die vernaamste redes gegee vir die dalings. Die eiendomsmark was die enigste sektor wat beter gevaar het terwyl gesondheidsorg die swakste gevaar het ná die finansiële resultate van verskeie maatskappye teleur gestel het. Ekonomiese aanwysers dui op beter vooruitsigte vir die Eurosone met die Markit aankopersindeks op 'n hoogtepunt vir 79 maande. Die Markit indiensnemingsindeks toon ook dat nuwe poste teen die vinnigste tempo in 17 jaar geskep word.

### ► MARKTE IN ASIË EFFENS BETER

Aandele in Asië (Japan uitgesluit) het effens beter gesluit. Stewige verkope van Amerikaanse tegnologie-aandele het na Asië oorgewaai en markte beïnvloed. Verbruikers- en tegnologie-aandele het beter gevaar wat tot die positiewe maand bygedra het. In Hong Kong het die aandelebeurs goed vertoon, gesteun deur groot maatskappye soos Tencent wat die Hang Seng tot 'n nuwe hoogtepunt vir 10 jaar aangevuur voor dit teen die einde van die maand weer effens laer was.

# NUUSFLITS

### LAASTE KANS OM GEBRUIK TE MAAK VAN 'N ENKEL DISKRESIONÊRE BUITELANDSE BELEGGING

Daar is net 'n paar weke oor om gebruik te maak van die toelating vir 'n diskresionêre enkel buitelandse belegging van R1 miljoen.

Hierdie toelating maak dit moontlik om R1 m per jaar in die buiteland te belê sonder enige vereiste belastingklaring.

Hierdie is van toepassing op individue, eggenote en enige SA burger wat ouer is as 18 jaar.

Die huidige toelating verstryk op 31 Desember 2018.

Hierdie toelating is per kalenderjaar beskikbaar en 'n nuwe geleentheid sal vanaf 1 Januarie 2019 beskikbaar wees.

**GESELS MET JOU ADVISEUR VIR MEER.**



*Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833*

# PLAASLIKE MARKTE
# -RENTEKOERS STYG, JSE LAER



**►FINANSIËLE AANDELE VAAR BETER MAAR JSE SLUIT LAER**

Alle indekse van die JSE, met die uitsondering van die finansiële indeks, het November laer as in Oktober gesluit. Die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele op 50 663.48 was 3.3% laer en is jaar tot datum 14.9% laer as verlede jaar. Teleurstellende vertonings van swaargewigte soos onder meer British American Tobacco (-24.8% maand op maand), Richemont (-17.4%), Glencore (-15.2% maand op maand), en Anglo America (-12.2% maand op maand) het die JSE afgedruk. Groot mynboumaatskappte, inslutend Anglo American, BHP Groep en Glencore het die hulpbronne sektor beïnvloed en die Resi-10 het maand op maand 11.9% laer gesluit (+0.5% jaar tot datum). Nywerheidsaandele het ook gesukkel en die Indi-25 was 1.1% laer vir die maand (-21.5% jaar tot datum). Finansiële aandele was die enigste ligpunt en daardie indeks het die maand 2.4% stewiger afgesluit (-9.4% jaar tot datum) danksy stygings vir aandele soos Standard Bank (+7.6%), Nedbank (+6.8%), FirstRand (+3.9%) en ABSA (+3.2%).

Die swak ekonomiese omstandighede is duidelik in die jongste verbruikers- en sakevertroue indekse. Verbuikersvertroue veral het in die derde kwartaal van die jaar agteruit gegaan. Die syfer wat vir die kwartaal bekend gemaak is wys dat verbruikersvertroue van +22 in die tweede kwartaal tot +7 vir die derde kwartaal gedaal het. Die jongste sakevertroue indeks soos bekend gemaak deur RMB en die Buro vir Ekonomiese Navorsing toon dat sakevertroue nou op die laagste vlak is ná die agentskappye Fitch en S&P SA se buitelandse skuld tot nie-beleggingsgraad afgegradeer het.

**► VERBRUIKERSVERTROUE GAAN AGTERUIT**

Aan die ekonomiese front is bekend gemaak dat verbruikersprysinflasie (VPI) jaar op jaar tot 5.1% gestyg het, soos algemeen verwag is, teenoor die 4.9% wat vir September aangekondig is. Maand op maand het inflasie met 0.5% gestyg, onveranderd van September. Die SA Reserwerbank het by sy vergadering in Oktober besluit om die repo-koers met 25 basispunte van 6.5% tot 6.75% te verhoog.

Die handelstekort is groter en staan nou op R5.55 miljard in Oktober, die grootste styging in tien maande, teenoor R3.83 miljard in September.

Aankondigings deur die Voorsitter van die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed), Jerome Powell, dat rentekoersverhogings vir Desember nie sal voortgaan nie het die geldeenhede van ontluikende markte bevoordeel. Die rand, wat besonder gesukkel het vroeër vanjaar, het in die maand 6.2% teenoor die Amerikaanse dollar gestyg.

**► SWAK HUISMARK DUUR VOORT**

Swak toestande in die sukkelende eiendomsmark duur voort. Volgens die jongste FNB Huisprysindeks is prysstygings steeds 4% jaar op jaar. Dit was in November effens beter op 4.2% teenoor 4.1% soos vir Oktober bekend gemaak is. In reële terme, wanneer vir inflasie aangepas, beteken dit 'n jaar op jaar daling in pryse. Volgens John Loos, Eiendomspesialis by FNB, neem dit nou gemiddeld 18 weke vir 'n eiendom om te verkoop teenoor 11 weke in 2016. "Verkope is traag en dit beteken verkopers sal verkooppryse afwaarts moet aanpas," sê Loos.

**► VRAGMOTORVERKOPE STEUN VOERTUIGMARK**

Stygings in die verkope van swaarvoertuie was nie genoeg om 'n teleurstellende maand vir die voertuigmark te red nie. Die jongste syfers toon dat 47 486 voertuie in November verkoop is, 4.6% laer as die 49 751 wat in November 2017 verkoop is. Motorverkope het vir die maand met 5.4% gedaal en die verkope van ligte handelsvoertuie – grootliks bakkies en minibusse – was 6.1% laer. Verkope van medium handelsvoertuie was 17.5% hoër as November verlede jaar en die verkope van swaar vragmotors was 34.1% hoër. Hoewel dit as bemoedigend beskryf is het sommige kommentators gesê dis grootliks te wyte aan die vervanging van verouderde voertuie en nie werklike groei in die mark nie.

Bronne:
Business Day / Fin24 / Anchor Capital
Moneyweb / Schroders



Brenthurst Wealth Management (PTY) LTD FSP No. 7833

# - BRENTHURST KANTORE SLUITINGSDATUM -

## BRENTHURST KANTORE LANDWYD SLUIT VANAF 21 DESEMBER 2018 EN HEROPEN OP 7 JANUARIE 2019.

**ADVISEURS KAN PER EPOS OF SELFONE GEKONTAK WORD IN DAARDIE TYDPERK**

## ONS BESTE WENSE VIR 'N GESEËNDE FEESTYD VAN VREUGDE EN VOORSPOED VIR DIE NUWE JAAR.



| | |
|---|---|
| **MAURITIUS** | **+230 584  35215** |
| **JOHANNESBURG** | **+27 (0) 11 799 8100** |
| **SANDTON** | **+27 (0) 10 035 1391** |
| **PRETORIA** | **+27 (0) 12 347 8240** |
| **NEWLANDS** | **+27 (0) 21 418 1236** |
| **BELLVILLE** | **+27 (0) 21 914 9646** |
| **STELLENBOSCH** | **+27 (0) 21 882 8706** |



BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT IS AANGEWYS AS DIE TOP BOETIEK WELVAART BESTUURDER IN SA BY DIE 2017 INTELLIDEX WELVAART BESTUURDER EN PRIVAAT BANKE TOEKENNINGS.